

# Boodskap van die VISIE-PRESIDENT



■ HERMAN KLEYNHANS

Met groot afwagting het 2024 aangebreek en aan alle verwagtinge voldoen. Daar is soveel mense wat deur die jare 'n bydrae gemaak het om die Santa ras na 50 jaar te kon bring waar hy nou is. Die prestasies wat die Santa telers deur die jaar behaal het, het nie vanself gekom nie. Daarvoor sê ons dankie aan elkeen wat die afgelope 50 jaar 'n bydrae gelewer het om vir ons die voorreg te gee om met so 'n puik ras te kan boer. Hierdie ras kan op alle gebiede met al die ander rasse in Suid-Afrika kompeteer en selfs beter presteer. Dit het meegebring dat diere van die hoogste gehalte aan die kommersiele boere beskikbaar gestel kan word.

Dit was 'n groot skou jaar vir die Santas en ons diere het op elke skou puik presteer. Om net 'n paar van die prestasies te noem is soos by die Riversdal Skou het Kochbo Santas die interras opperste Kampioen bul vertoon, Hertzogville skou het Sombrero Santas die interras beste paar en die junior kampioen vers vertoon. Tydens die *African Live Stock Expo & Show* het Sombrero Santas die interras senior en reserwe opperste kampioen vroulike dier vertoon. Tydens die Moorreesburg skou het Kochbo Santas die interras goue beker manlike dier vertoon en tydens *The Berg* skou, Winterton, het Five Star Santas diere van die veld

af, die reserwe manlike en die kampioen vroulike dier vertoon.

Tydens Nampo Alfa, Bothaville, waar Landbouskole teen mekaar deelneem, het Trio Hoërskool die junior interras bul vertoon. By Nampo, met die Interras skou het Sombrero Santas die interras vroulike dier en Sombrero Santas en Jomardi Santas die beste paar diere vertoon.

Die Nasionale skou wat in Bloemfontein plaasgevind het tydens die Bloem Skou, het 15 telers van regoor Suid-Afrika deelgeneem en uitstekende diere vertoon. Verskeie toeskouers het gesê dat dit die beste vertoning van Santas in die skouring was, wat hulle nog gesien het en het die vertoners geluk gewens met die tipe diere wat vertoon was. Tydens die interras skou het die Santas die volgende plekke behaal:

**Mooiste Stalletjie**
3de KOCH FAMILIE TRUST

**Beste Hanteerder – Simon**
2de LOCKLORE, RED ROCK & JADUP

**Groep van twee**
2de KOCHBO

**Groep van vyf**
1ste VALLEY VENTURE

**Beste Paar**
3de SOMBRERO

**Kalf Kampioen - Manlik**
1ste VALLEY VENTURE

**Kalf Kampioen – Vroulik**
1ste KAIROS

**Ras Kampioen – Manlik**
**& Reserwe Opperste Kampioen**
1ste VALLEY VENTURE

Baie dankie vir elke vertoner, beoordelaar, ondersteuner, organiseerder, borg en elke ander persoon wat bygedra het tot 'n uiters suksesvolle skou. Dit is julle wat seker gemaak het die Santas word raakgesien.

Tydens die *Champion of the World Competition Asia/Africa/Oceania* is die bul XX 2014 van Kochbo Santas as wenner en die koei IGB1820 van Sombrero Santas as naaswenner aangewys. Baie geluk met die besondere prestasie.

Baie dankie ook aan Five Star Santas dat julle die Santas se naam hoog hou met julle Santas en Santa-kruise by die *Bergville Fat stock show*. Baie geluk met julle 1ste, vyf tweede plekke, een derde plek en die meeste punte vir 'n vertoner, wat julle behaal het. Dit is voorwaar 'n groot prestasie.

Dit is baie belangrik dat ons elke geleentheid gebruik om ons ras aan die kommersiële boere ten toon te stel en aan hulle te wys hoe Santas 'n verskil in hul kuddes kan maak.

Baie dankie aan al die telers wat deelgeneem het aan hierdie geleenthede. Nampo Bothaville was weereens n groot sukses en dit is sekerlik een van die grootste bemarkingsgeleenthede vir die ras.

Jan Bothma, Marius Freeman en Sandra Jansen van Vuuren het hul diere beskikbaar gestel vir die uitstalling. Die diere het uitstekend vertoon en 'n groot indruk gemaak. Dankie ook aan elke teler wat vir Yolanda en Susan bygestaan het met die opmaak en bemanning van die stalletjie.

Ander geleenthede waar die Santas beindruk het, was op 1 Mei 2024 by Gottenburg Boeredag (Frankfort Santas Veldbalklub), 1 Junie by Groot Marico Safari Expo (Bosveld Santa Klub), 11-14 September by Nampo Kaap (Breede Santas), 18 & 19 September by *Botswana Livestock Breeders Conference* (Phokoyane Santas). Baie dankie vir elkeen wat die Santas op hierdie en ander geleenthede verteenwoordig het.

Tydens die Veeplaas uitgawes April 2024 was daar gefokus op die kenmerke/produksie en voordele van die ras. Verskeie telers het RSG Landbou praatjies gehad, asook op Plaas TV. Dit het vir seker bygedra tot nuwe belangstelling en positiwiteit in ons ras.

Tydens die SA Stamboek/Unistel Nasionale Elite Toekennings is Kennith Matswiri (Cololo Santas, Botswana) as Ontwikkelende Stoet teler van die jaar aangewys. Desmond & Timmy Robertson van Santarific Santas het 'n Platinum-Vleisbees toekenning ontvang en het ook die ras verteenwoordig by die Elite Bulgroeitoetsklas. Baie geluk met hierdie prestasies.

Tydens die LNR Bees Prestasie Toekennings word van ons lede vereer met die volgende van ons toekennings:

**BESTE ELITE KOEI:** Amy Williams

**MENTOR VAN DIE JAAR:** Amy Williams

**SPESIALE PRESTASIETOETSKLAS:** Sandra Jansen van Vuuren

**PLATINUM BUL TOEKENNING:** Desmond & Timmy Robertson

**NASIONALE KUDDE VAN DIE JAAR:** Manie Louwrens

Yolanda Venter ontvang die 3de plek vir die beste plakkaat met praatjie tydens die SAVLT Kongres (*Fertility and Lifetime traits of Santa Gertrudis cows*).

Baie geluk met die besondere prestasies.

Wanneer dit by opleiding en ontwikkeling kom wil ons graag vir Howard Hobson, Manie Louwrens en Amy Williams bedank, wat 11 & 12 November die tweede beginnerskursus aangebied het vir die studente van Potchefstroom Landbou Kollege. Dit is elke jaar 'n hoogtepunt op ons kalender. Dankie ook aan Koos Harding wat sy diere elke jaar beskikbaar stel vir die kursus.

Ten spyte van 'n moeilike en droë landbou jaar, met onder gemiddelde pryse het die telers baie goeie diere op hul veilings aangebied. Dit is in sulke jare waar ons as deel van die vleisbees bedryf bereid moet wees om die moeilike jare deur te sien tot dit met almal weer beter gaan.

Deur die jaar het Monique van Mounie Designs, seker gemaak al die inligting word op sosiale media geplaas. Baie dankie dat jy almal wat belangstel in die ras op al die sosiale media platforms ingelig hou. Die afgelope jaar was ook n baie besige jaar vir die kantoor. Yolanda en Susan het ook baie ekstra ure ingesit om seker te maak dat alles in plek is vir die Nasionale skou, terwyl al die normale administratiewe take in die kantoor moes voortgaan. Dankie dat julle altyd bereid is om die ekstra myl te loop. Julle is ware staatmakers en weet dat dit opreg waardeer word!

Soos julle kan sien was dit 'n baie besige jaar met uitstekende prestasies, goeie bemarking en betrokkenheid van ons lede. Dankie vir elkeen se bydrae tot 'n besonderse jaar. Dit is ook so dat ons ware karakter getoets word wanneer dinge nie so goed gaan nie. Dankie vir elkeen wat positief bly en 'n positiewe bydrae maak om die Santas eerste te plaas en die ras te help groei tot waar dit hoort.


